

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

ERFOPVOLGINGSPLAN: FINALISEER EN VOER DIE DOELWITTE UIT

Geen boer, hoe suksesvol ookal, hoe briljant ookal of hoe hard hy ookal werk, kan sy boerdery se erfopvolging op sy eie doen nie. Daar is net te veel komponente by 'n erfopvolgingsplan betrokke en daar is genoeg betroubare raadgewers tot die boer se beskikking om hom by te staan in die finansiering van sy doelwitte. Baie van hierdie mense maak dit hulle besigheid om die boer se probleme vir hom op te los.

Adviseurs se rol

Die erfopvolgingsplan kan nie gefinaliseer word voordat die boer nie ten minste 'n paar van hierdie adviseurs geraadpleeg het nie:

- Daar is bankbestuurders wat boerderye verstaan en graag sal wil hê dat die boerdery suksesvol na die volgende geslag oorgedra moet word;
- Daar is rekenmeesters wat toegang tot 'n groot verskeidenheid boerderye se finansiële state het en die belastingimplikasies van langtermyn planne kan antisipeer en ook weet watter besigheidsvorm die geskikste voertuig vir die spesifieke boer se erfopvolgingsplan gaan wees;
- Daar is prokureurs wat oor die nodige vaardighede beskik om die wetlike aspekte van die erfopvolging te kan hanteer;
- Daar is finansiële raadgewers wat hulle kundigheid tot die finale pakket kan toevoeg;
- Daar is landbou-ekonome wat met begrotings en kontantvloeiprojeksies 'n ontleding van die boerdery se oorlewingsvermoë kan maak.

Met behulp van hierdie adviseurs moet die boer die volgende doelwitte in sy erfopvolgingsplan finaliseer:

- Hoe moet die boerdery vir die uittredende geslag voorsiening vir aftrede maak?
- Hoe moet die jonger geslag se bydrae vandat hulle op die plaas gekom het tot en met die ouer geslag se uittrede erken en beloon word?
- Hoe kan daar regverdig teenoor nie-boerende kinders opgetree word?
- Hoe kan daar die minste belasting betaal word?
- Hoe kan die boerdery winsgewend gehou word tydens die oorgangsperiode?

Hierdie is slegs enkele doelwitte wat in die erfopvolgingsplan opgelos moet word. Daar kan vele ander wees. Daar kan ook vele ander ontstaan namate 'n oplossing vir die een doelwit gekry word. Die koeie moet steeds gemelk word, die mielies moet steeds gestroop word, die trekkers moet steeds gediens word en die beplanning daarvoor kan maar steeds tot die volgende dag uitgestel word en die volgende dag kan dalk nooit kom nie. Die beste tyd om met 'n erfopvolgingsplan te begin is dus nou!

Waar in die proses?

Die volgende kontrolelys kan vir die boer 'n hulpmiddel wees om vas te stel waar hy in die proses van opstelling van die erfopvolgingsplan is (Stap 1):

- Het u al enige artikels of brosjures oor erfopvolgingsbeplanning gelees?
- Het u al met familielede, medeboere, u bankbestuurder, rekenmeester of finansiële adviseur oor die algemene aspekte van erfopvolging gepraat?
- Het u 'n familielid geïdentifiseer wat die proses kan bestuur?
- Het u al besluit om 'n fassiliteerder te betrek?
- Het u al 'n finansiële ontleding van u boerdery se kontantvloei en winsgewendheid gemaak?
- Het u al ernstig na u familielede se lewenskoste gekyk? Gaan daar drastiese veranderinge in enige familielid se finansiële behoeftes in die nabye toekoms wees?
- Het u al met elke familielid oor sy verwagtinge, doelwitte en behoeftes vir hulleself binne die boerdery gesels?
- Het die familielede al gesamentlik probeer om hulle onderlinge verwagtinge, doelwitte en behoeftes met die ander familielede s'n te versoen?
- Het u al beide die tegniese en menslike aspekte van u aftrede ondersoek?
- Het u al begin om prosesse te skep waarbinne inligting en besluite van u erfopvolgingsplan gekommunikeer kan word?
- Het u al die basiese kennis en begrip vir die metode van oordrag, finansiering van oordrag, belastingimplikasies en wetlike implikasies bekom?

Wanneer die boer deur hierdie kontrolelys gevorder het moet hy verskillende opsies oorweeg, dit met sy adviseurs bespreek en uiteindelik die beste opsies kies waarvolgens hy se eie erfopvolgingsplan se doelwitte kan finaliseer. Dit is ook belangrik dat al die familielede wat by die erfopvolgingsplan betrek gaan word deeglik bewus is van hulle rol tydens die oorgangsfase en ook wat hulle plek in die finale erfopvolgingsdoelwit gaan wees. Verskeie aspekte en komponente van die erfopvolgingsplan wat reeds in vorige artikels bespreek is sal noodwendig nou weer na vore kom sodat die finale erfopvolgingsplan opgestel kan word. Die finale besluit rondom die volgende sal nou geneem moet word (Stap 2):

- Die besigheidsvorm;
- Die oorgangsfase en die verdeling van pligte en winste tussen die ouer en jonger geslag;
- Finansiering van die erfopvolging;
- Aftree-opsies vir die uittredende geslag naamlik finansiering daarvan en in watter aktiwiteite gaan die uittredende geslag nog deelneem;
- Versekeringsbehoefte;
- Die opstel van 'n geldige en toepaslike testament;
- Hoe gaan dispute opgelos word?

Uiteindelik moet al die verskillende opsies uiteindelik die volgende aspekte aanspreek (Stap 3):

- Aftreebeplanning;
- Oordrag van arbeid;
- Oordrag van bestuur;
- Oordrag van eienaarskap;
- Gebeurlikheidsbeplanning; en
- 'n Tydskedule.

Hierdie is u hele familie se erfopvolgingsplan. U moet die leiding neem om die proses te bestuur en te beheer. U moet dus die finale plan opstel en sorg dat dit uiteindelik geïmplementeer word (Stap 4):

- Is daar 'n tydskedule opgestel en word daarby gehou?
- Weet elke familielid wat die tydskedule is?
- Het al die familieledes al begin om die erfopvolgingsplan binne die tydskedule na te volg?
- Word die tydskedule gereeld geëvalueer en aangepas?
- Word die plan gereeld aangepas indien dit nodig raak?
- Is al die betrokkenes tevrede met die vordering wat daar met die erfopvolgingsplan gemaak word?

Suksesvolle erfopvolging kan net gebeur as daar goeie beplanning plaasgevind het en indien al die betrokkenes gemotiveerd is om die plan uit te voer. 'n Erfopvolgingsplan betrek gewoonlik die hele familie en daarom moet al die betrokkenes tevrede wees met hulle rol binne hierdie plan.

BETHLEHEM
Junie 2004